kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Die gawe van gewers"

Skriflesing: Markus 12:38-44 (1953)

38 EN Hy het aan hulle in sy onderrig gesê: Pas op vir die
skrifgeleerdes wat graag in lang klere rondloop en van
begroetinge op die markte hou
39 en van die voorste banke in die sinagoges en die voorste
plekke by die maaltye —
40 hulle wat die huise van die weduwees opeet en vir die skyn
lang gebede doen. Hulle sal 'n swaarder oordeel ontvang.
41 EN Jesus het reg voor die skatkis gaan sit en gekyk hoe die
skare geld in die skatkis gooi. En baie rykes het veel ingegooi.
42 En daar kom een arm weduwee en gooi twee geldstukkies in,
dit is 'n oortjie.
43 Toe roep Hy sy dissipels na Hom en sê vir hulle: Voorwaar
Ek sê vir julle, hierdie arm weduwee het meer ingegooi as almal
wat in die skatkis gegooi het.
44 Want hulle het almal uit hulle oorvloed ingegooi; maar sy het
uit haar gebrek ingegooi alles wat sy gehad het, haar hele
lewensonderhoud.

Broodjies vir die pad

```
Can we really believe that we are living a
good life, an ethically decent life if we
don't do anything serious to help reduce
poverty around the world and help save the
lives of children or adults who are likely
to die if we don't increase the amount of
aid we are giving.
~ Peter Singer

You can give without loving, but you can
never love without giving.
~ Robert Louis Stevenson
```

◆◆◆

It is Jean-Luc Marion who writes about "pure giveness." He describes a slow-growing realization that "begins when the potential giver suspects that another gift has already preceded her...." (The Visible and the Revealed, p. 91) One is not born and does not survive childhood without the generosity of many others, parents especially, of course. I begin to understand that I would not be who I am were it not for the generosity of others, some known to me and many others forever anonymous, who nurtured me and opened up the world to me. This realization, Marion continues, leads one to realize "she owes something, to which she owes [to] herself to respond." A cycle, habit, personality change, conversion is set in motion by a conscious decision to be one who gives. Marion's own words are: "...the gift comes about by the decision, by the giver, to give, but which also means that this decision implies that the giver feels herself obliged, and hence, obligated..." by all the gifts that preceded her and benefit her. Simply put, "The decision to make a gift implies, first of all, the decision to make oneself a giver." This is not just some warm, fuzzy feeling that arises occasionally, this is how I chose to live my life, this is who I chose to become.

The widow Jesus observed put her last pennies into the Temple offering box all made the decision to be "givers." To which Jesus adds, they were "givers" not out of abundance, because there was nothing tangible to give, but gave out of "poverty." The decision to be a giver is not made when I already have more than I basically need, but when I have assumed I have nothing left to give. Giving/gift/"pure giveness" is that "secret" that brings life to Life and can even sometimes bring something out of nothing.

http://sacraconversazione.blogspot.co.za/2009/10/proper-27-year-b.html

◆◆◆

```
Let us not be satisfied with just giving
money. Money is not enough, money can be
got, but they need your hearts to love
them. So, spread your love everywhere you
go.
~ Mother Teresa
```

◆◆◆

Inksripsie

Gevind op 'n flentertjie papier
in 'n Joodse konsentrasiekamp.
Vir Con en Muriel

Genadige Here,
dink nie net aan mense met breekbare drome nie,
maar ook aan dié wat met kwaad en demone heul.
Moenie dink aan al die lyding
wat ons lewens gekwel het nie;
dink aan die sonryp vrugte wat ons kon pluk
danksy ons lyding –
kameraadskap, trou, menswees,
moed, gasvryheid en ruim harte
wat ons op die drumpels van gaskamers oorbluf het;
en as hulle voor die doodsvonnis van u regbank verstar,
laat die vrug van die gees wat ons gedra het
hulle met vergifnis verras.

Cas Vos

◆◆◆

```
When you are joyous, look deep into your
heart and you shall find it is only that
which has given you sorrow that is giving
you joy. When you are sorrowful look again
in your heart, and you shall see that in
truth you are weeping for that which has
been your delight.
~ Khalil Gibran
```

’n Leeservaring

Hennie Pieterse

Cas Vos 2015*, Dáárom glo ek.*

Die voorblad van hierdie uitstekende boek oor ons Christelike geloof in ons Reformatoriese tradisie en in die huidige Suid-Afrikaanse konteks, vertel al aan die leser dat sy/hy ‘n *vaste standpunt*, ‘n geloofsreis met ‘n kernagtige geloofsbelydenis oor ons Christelike geloof in hierdie boek kan verwag – juis in ‘n tyd van twyfel en verwarring. Die uitleg van die voorblad met die uitroepteken van wit met ‘n rooi punt saam met die titel en subtitle, het my laat dink aan Luther se uitspraak: “Hier staan ek. Ek kan nie anders nie.”

As hermeneut is my vraag aan ‘n boek altyd, bewus of onbewus, of ons oorgelewerde geloofstradisie vars geïnterpreteer word vir die eie tyd en konteks in taal en metafoor wat sin maak. My geheel indruk van Vos se boek is dat dit hierdie vraag uitstekend beantwoord, en dit met ‘n eie stem sonder polemiek met ander stemme. Die hele boek is inderdaad ‘n standpuntstelling waarin die ander stemme se sieninge hier te lande met ‘n eie stem diepgaande beantwoord word.

Cas bied ‘n skerp ontleding van die skuiwende, oorweldigende en vir baie die vervreemdende eie tyd. Hy doen dit met ‘n haas ongelooflike kennis van die kuns, die letterkunde, die klassieke, die filosofie en die teologie. Met die uiters belangrike vraag van ons tyd, naaaamlik ‘waar is God?’ antwoord hy met ‘n diepgaande en belese beskrywing van die deïsme, agnostisisme, God-is-dood idee, panteïsme, panenteïsme, en prosesteïsme. Vos praat van die God van die *poreuse werklikheid*, ‘n goeie formulering teenoor die modernistiese geslote wêreldbeskouing, wat hy ook treffend in ‘n gedig uitdruk.

Hy bely dat hy in ‘n persoonlike God glo (teenoor die liberale teologie van die 19e eeu wat nou by ons uitslaan! waarin vanuit die mens se idees gedink word en God ‘n veraf misterie word. Hy glo in die Skrif as die openbaring van God, die Skepper, Jesus die Here en die Heilige Gees – ‘n openbaring wat in die geskiedenis voortskry in ‘n eenheid– ook in die Nuwe Testament — met die God van Israel. Oor die hart van ons geloof, God Drie-enig, skryf hy op ‘n diepgaande teologiese wyse en met grondige eietydse insigte van betroubare eksegese. In hierdie bladsye skyn sy eksegetiese vaardigheid en sy dogmen- en dogmatiese verstaan helder. Hy skryf dit in die lig van natuurwetenskaplike ontdekkings oor evolusie en die kosmos. In sy betoog het hy telkens die denkers in ons Westerse geskiedenis in biografiese en eietydse konteks geplaas wat die leser laat insien dat hulle idees nie die bestaan en werk van God in twyfel kan trek nie.

Die gedeelte oor God in ons lyding is geskryf vanuit ‘n eie ervaring van lyding waarin hy met sy verstaan van Job en Romeine 8 en vanuit sy eie begrip van lyding, die oorwinningslied uit Romeine elke dag kan sing. Wat ‘n getuienis oor die krag van ons Bybels-Reformatoriese geloof in die grenssituasies van ons lewens. Die belangrikheid van om God se beloftes te vertrou, spel hy in hoofstuk 6 en 7 uit – dáárom glo hy. Die slotwoorde by hoofstuk 6 en 7 gryp aan: “Ons moet die Onsienlike sien” en dat ons daagliks in die spieël van die Woord moet kyk.

In ‘n tyd waarin die kruisiging en opstanding van Jesus vir soveel mense in ons land vandag ‘n struikelblok is, skryf hy oortuigend oor die fondamente van ons Christelike geloof vir almal wat maar met ‘n oop gemoed sy grondige analises wil lees.

http://teo.co.za/n-leeservaring-hennie-pieterse/

```
Remember that the happiest people are not
those getting more, but those giving more.
~ H. Jackson Brown, Jr.
```

Brood vir die pad

Wie kan tog immers sê hoe invloede werk?

Dirkie Smit

Soms, eintlik meesal, is dit moeilik, eintlik onmoontlik, om beïnvloeding aan te toon. Om te sê waar gedagtes vandaan kom, waaraan gevolge toegeskryf moet word, hoe sake só gekom het – watter insidente, herinneringe, assosiasies en ervarings sou bydra tot wat nóú gebeur. Ook die nawerking van ons woorde, dade en versuime is onmóóntlik om na te speur – *blowin’ in the wind*, aldus Bob Dylan. Letterkundiges praat van inter-tekstualiteit – en kan ure daaraan wy. Watter geskrifte hoor ons méépraat in wat ons nóú lees? Deur wie is ons skrywers sélf beïnvloed? Vanwaar kom húl gedagtes? Alles meesal onmoontlik om te weet.

As Stellenbosse rektor bepleit wyle Russel Botman destyds ’n kopskuif “van sukses na betekenisvolheid”, *from success to significance* – van akademici véél gevra! Die druk op hulle is immers om na sukses te strewe, in loopbaan, fokus en werk – na méétbare sukses, publikasies, getalle, inkomste, evaluerings, toekennings. Om hulle te vra om te breek met dié denke en eerder te soek hoe om mense se lewe te ráák, ’n verskil te help maak, die gemeenskap te help dien, dis nie sommer iets gerings nie. Sulke verskil-maak kan tog nie gemeet en getel, en op ’n curriculum vitae gelys en beloon word nie? Ons raak ander se lewe tog meesal onopsigtelik, onwetend, verborge – vir sowel onsself as vir húlle? Ons peil nooit self wat ons aan ander doen nie, aldus Richard Niebuhr.

Vanwaar dan dié gedagte by Botman? Dalk – selfs onbewus? – van Bonhoeffer, die martelaar-teoloog, wie se werk hy lank tevore diepgaande sou lees? Ook dié sou naamlik – as gevangene, sonder vooruitsig, sy einde aan ’t afwag – vra na wat ’n suksesvolle lewe eintlik is. Sommige dink dis om aan alle uitdagings te ontkom, skryf hy, ongeskonde, steeds geag en bewonder – maar sonder enige sorge oor die gevolge van ons optrede. Ander, egter, vra wat te midde van dié uitdagings gedoen kan word sodat hulle ná ons sal kan lewe – en dóén dan wat nodig is, ook al verg dit ootmoed en opoffering. Komende geslagte, sê hy, weet dadelik uit welke van dié twee dryfvere ons handel – óns sukses of húlle beste belang, want dis immers húlle toekoms op die spel. Sou Botman dalk hieraan gedink het? Was hy self van dié invloed bewus?

En Bonhoeffer, waar sou hý dit kry? Dalk by Jesus in Matt. 25? Ek was in die gevangenis en julle het my besoek, siek en julle het my versorg, en hulle sal vir hom vra: Here, wanneer? Súlke invloed – betekenisvolle dade, wat lewens raak, óphelp – kan immers nie getel en in CV’s gelys word nie? Súlke invloed is soms, eintlik meesal, totáál onopsigtelik, sowel vir dié wat omgee as dié wat baat? Chrysostomus wys al daarop dat Jesus nie vir sukses vra nie, net vir iets betekenisvol, nié sê ek was in die tronk en julle het my bevry, of siek en julle het my genees nie, maar net julle het my besóék en my versórg. Nie die onmoontlike nie, net die moontlike – dog vir dié wat liefhet, is baie dinge moontlik, voeg dié kerkvader by.

http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/DJS-Wie-kan-tog-immers-se-hoe-invloede-werk-20151031

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877